



Helderstem

www.nghelder.co.za - 021 851 5582 - kommunikasie@nghelder.co.za

Sagmoedigheid

As ons dink aan die woord "sagmoedigheid", maak dit somtyds 'n paar rooi-lig emosies in ons wakker.

Een van hierdie reaksies is dat sagmoedigheid nie "werk" in vandag se lewe nie.

Sagmoedigheid kan baie maklik die indruk/gevoel skep dat Jesus van my verwag om op getrap te word. Ons raak bang as ons sien wat met Jesus se "sagmoedigheid" gebeur het... Dit lyk so maklik of sagmoedigheid (sagmoedige mense) misbruik kan word.

Brené Brown, 'n Amerikaanse navorser, vertel onder andere dat een van die skokkendste bevindings van haar studies was/is dat "the most compassionate people I've interviewed the last 13 years, were absolutely the most boundaried" (boundaried is haar woord vir persone wat duidelike grense in hulle lewe het). Grense is volgens haar "what's okay and what is not okay". (Kyk gerus die video-greep <https://m.youtube.com/watch?v=BESvQB6J5rc>)

Die geheim lê in die betekenis wat opgesluit lê in die woord self: *praus* (Grieks vir sagmoedig of nederig). Praus is eintlik 'n militêre term wat afkomstig is vanuit 'n plek van innerlike sterkheid en definitief nie 'n houding van gelate terugsit of terugdeins nie.

Iets wat jy by die huis kan doen: Skets 'n prentjie van hoe sagmoedigheid vir jou lyk. Tel op jou pen of 'n potlood of kleurpotlode of jou verf, en skets...



Sondag 17 Februarie

Op pad met mekaar

Matt 5:8-9

08:00 Meditatief	Danie O'Kennedy
08:00 Klassiek	Paul Barnard
09:30 Meditatief	Danie O'Kennedy
09:30 Informeel	Lizette Louw
09:30 Jeugaktiwiteite	
09:00 HGG	Danie Möller
10:00 HB Village	Paul Barnard
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	Paul Barnard
19:00 Aandkerk	Hannes Theron

Deurkollekte: Uyavula

Baie dankie aan Maretha Burger wat vir ons twee pragtige skilderye oor die tema gemaak het. Dit is te koop of gaan kyk na haar webblad by <http://www.southafricanartists.com/artists/maretha-burgerchampion-1315>

WiFi

Aanteken - NG-Guest

Wagwoord - h3FSyMH!

Sondag 24 Februarie

Reis na Jerusalem

Lukas 6:27-38

08:00 Meditatief	Danie O'Kennedy
08:00 Klassiek	Danie Möller
09:30 Meditatief	Danie O'Kennedy
09:30 Informeel	Lizette Louw
09:30 Jeugaktiwiteite	
09:00 HGG	
10:00 HB Village	Danie Möller
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	
19:00 Aandkerk	Lizette Louw

Bid saam met ons vir die volgende:

Helene Swart - kanker

Desiré Groenewald - kanker

Fanie Schoeman - kanker

Sarel du Toit - kanker,

beenmurgoorplanting
behandelings

Ria Sass - heupoperasie

Danie Schoeman - hospitaal

Botha Marais - herstel na
operasie

Bernard en Marike Visser se
baba, Carina (8 mnde), is baie
siek

Paul en Michelle Swanepoel -
ernstige gesondheidsprobleme

Van Zyl Siebert - kanker

Kerneels Erasmus -

voetoperasie

Faan van der Westhuizen -

ernstige rugoperasies en
beenkanker

Evi van der Merwe –

kankerbehandeling, bid

asseblief dat sy die behande-
ling kan hanteer.

Paul van Staden, Isella van der

Walt se pa - dementia en in

hospitaal na heupvervang-

ingsoperasie. Bid asb vir her-

stel en kalmte in sy toestand.

Hennie Albertyn - beroerte en

ernstig siek

Brenda Gericke -

skoueroperasie

Moet ons vir jou bid? Laat weet

ons asseblief by die

kerkkantoor: 021-851 5582 of

ontvangs@nghelder.co.za

Dagboek

17 Februarie - Nagmaal

Daar sal 'n nagmaalkuier na die dienste in die Tent wees.

22 Februarie - Gemeentebraai

Lees meer op bladsy 4

26 Februarie - Kerkradsvergadering

In die Kapel om 19:00, almal is welkom

6 Maart - Aswoensdag

16 Maart - Phuket-uitreik

Span vertrek na Phuket

13 April - Herfsmakietie

Kontak louise@nghelder.co.za vir meer inligting



Die week:

Dinsdag 19 Februarie

06:00 Kom bid saam - Tent

19:00 Omgeeieiers en
wyksverteenwoordigers
(spreker vir die aand
dr Jannie le Roux)

Donderdag 21 Februarie

08:45 Bybelstudie - Kapel
17:30 DC, S&P, GS en DC4K
18:45 Kantory oefen

Vrydag 22 Februarie

Jubeljaar gemeentebraai

Baie welkom aan die volgende nuwe lidmate:

Cois en Elaine Du Toit met hulle kinders
Emma en Daniël - Lourensrivier-Strand
Tammy Du Toit - Durbanville
Erick Joosten - Centurion
Jeané Kriek - Stellenbosch-Welgelegen
Greg Rowles en sy seun Joshie -
Bloubergstrand
Cora van der Waals - Somerset-Wes
Moedergemeente

Gebed vir die week:

Gelukkig is dié wat suiwer van hart is, want hulle sal U sien, hoor ons U sê. Ons wil U graag sien, beleef, hoor en saam met U op pad wees. Ons probeer vanuit 'n vreemde soort gulsigheid te veel doen, te veel hê of besit. Ons kompliseer alles – tot ons verhouding met U. Help ons om met alles net op U te bly fokus, om U teenwoordigheid te beleef en U deernis uit te straal. Bewaar ons daarvan dat ons U teenwoordigheid verruil vir goeters wat geen hoop, energie en geluk gee nie. Gee dat ons ook in die uitlewing van ons liefde teenoor mekaar, U teenwoordigheid en deernis voorop sal staan. Amen.

God is met dié wat saam met ons eet

Die Britse antropoloog Mary Douglas het 'n artikel oor kos geskryf getiteld: "Deciphering a meal." Sy wys daarin daarop dat die hegtheid van vriendskappe bykans direk afleibaar is van die soort kos wat tussen mense (vriende?) gedeel word.

Dink oor die volgende voorbeelde:

- Drankies is vir vreemdelinge, werkkollegas, kennisse;
- Etes is vir familie, naby vriende, geëerde gaste;
- Tussen drankies en etes is daar ook 'n hele reeks drumpels van intimiteit wat in vriendskapsverhoudings oorgesteek kan word.

Volgens Douglas is die vloeibaarheid of digtheid van die kos direk vergelykbaar met die vloeibaarheid of hegtheid van die vriendskap. Soort soek soort. En dit is moeilik om hierdie roetines van saam met wie ons eet – of nie eet nie – te verander. Daar is natuurlik baie redes hiervoor:

- Ons het dikwels vooroordele teenoor ander omdat hulle anders is as ons.
- Die ander rede is doodeenvoudig gewoontes.

Nagmaal is 'n wonderlike geleentheid waar die liefdesverhouding tussen God en sy kinders versterk word en waar die verbintenis tussen Christus en sy gemeente nuut gemaak word. Die Here het by die instelling van die nagmaal gesê: "Gebruik dit tot my gedagtenis". In die nagmaal dink ons terug aan die lewe van Jesus, en in 'n besonder ook sy dood op Golgota. Wanneer ons die brood en wyn sien, sien ons in ons gedagtes die hele lydensweg van Jesus voor ons afspeel.

Wat maak die nagmaal so uniek? Ons eet saam met mense met wie ons nie noodwendig saam sou eet nie. God is die gasheer en al die mense saam met my by hierdie ete, is ook mense met wie God 'n pad loop. Hy is met elkeen van ons op pad. God is met dié wat saam met ons eet.

Kom ons kyk met ander oë na mekaar by hierdie nagmaal. Dit is die mense met wie God op pad is; dit is ook die mense saam met wie jy op pad is om waarlik sy dissipels te wees.

Vier saam met ons die op pad wees met ander.

Na die diens is daar 'n lekker nagmaalkuier met warm tuisgebakte brood in die Tent. Almal is welkom.





Kom kuier saam

Op Vrydag **22 Februarie** skop ons die Jubeljaar af met 'n heerlike gemeentebraai. Kom geniet 'n aand onder die sterre met die reuk van braaivleis en die klank van vrolike stemme. Nooi jou vriende, omgeegroep en buurman saam. Dit is kans om mekaar beter te

leer ken en vir nuwelinge om in te skakel. Vir die kleiner kinders sal daar later die aand 'n fliek in die Tent gewys word.

Die vure sal vanaf 18:00 in die parkeerterrein voor die kapel gereed wees. Bring jou eie braaivleis, rooster en braaitang saam, asook 'n mandjie met eetgerei en drinkgoed. Om dinge makliker te maak sal daar 'n vuur met aangestelde braaiers wees om die te help vir die wat nie self braai nie. Bring kontant saam - daar sal pap en sous, slaaie, boereworsrolle en koffie en poeding te koop wees.

Wat meer kan 'n mens vra om die aand saam met ons te kom geniet. Enige bydraes vir die slaai of poedingtafel sal waardeer word – gee asb jou naam by Ontvangs.

Herfsmakietie

Helderberg hou Herfsmakietie op 13 April van 9:00 tot 15:00

'n Oproep aan alle entoesiastiese en vindingryke omgeegroepes, bedienings, projekte, groepe en individue om deel te neem.

Verkope-tafels is beskikbaar in die tent. Jy is welkom om enigiets te verkoop. Die opbrengs van jou winste kan vir die gemeente, 'n projek, of jouself gaan. Die keuse is joune. Daar is slegs 20 tafels binne beskikbaar, maar baie plek buite. Alle plekke is R300 per tafel/staanplek.

Jy kan natuurlik ook kos- en drinkgoed stalletjies registreer.

Wie kan deelneem? Almal is welkom!

Jou tafel word bespreek met bewys van betaling by louise@nghelder.co.za

Navrae: Louise Theron by 021-851 5582



Herfsmakietie- kompetisie!!!

Wen 'n Woody Storecart ter waarde van R1 400

Inskrywings @ R50 elk kan by Helderberg Gemeente kerkkantoor verkry word.

Die kompetisie is ten bate van die Sri Lanka-projek van Helderberg Uitrek.



Die borge is:



www.trolleycompany.co.za



Wipes vir kanga&roo

200 pakkies *baby wipes* was ingesamel vir ons kanga-babas! Wel gedaan Helderberg Gemeente. Dankie vir jul passie vir God en jul hart vir mense.

By die Jeugbediening was die **gr 2 hasie-klassie** die wenners. Dertien dogtertjies het saam 47 pakkies *wipes* gebring. Hulle sal Sondag heerlike *cupcakes* ontvang.

Die kanga&roo-projek se beker loop oor....van *wipes*.

Ons benodig tans:

- Levi's by die klassieke diens om te help met die verwelkoming by die deure, die opneem van kollekte en nagmaal bediening.
- Persone om die PowerPoint tydens die klassieke dienste te hanteer (geen ervaring nodig).

Die Aanbiddingbediening het jou regtig nodig. Vir navrae kontak Corneille by aanbidding@nghelder.co.za of meld aan by Ontvangs.

Verantwoordelik en gehoorsaam aan God

Begroting Mrt 2019 tot Febr 2020

Om 'n begroting vir 'n gemeente op te stel, is nooit 'n eenvoudige saak nie. Die inkomste van 'n gemeente is afhanklik van wat mense uit dankbaarheid vir die Here gee en aan die gemeente beskikbaar stel sodat ons dit kan wees en doen waar toe God ons roep. Hierdie vrygewigheid word hopelik gedryf deur 'n wil om ook ander te seën met dit waarmee ek/ons geseën word. Daar is soveel mooi stories van kinders van die Here wat graag uit dankbaarheid gee en ryk is in hulle oorvloedige vrygewigheid, soos Paulus dit so mooi verwoord in 2 Kor 8:2.



Op ons webblad is 'n konsepbegroting of voorlopige begroting soos ons dit van die onderskeie bedieninge en taakspanne ontvang het. Dit is 'n begroting wat ook voorsiening wil maak dat ons ten minste R600 000 spandeer aan die instandhouding van ons geboue. Dit is ook 'n begroting, as ons werk met die inkomste tendens van die afgelope paar jaar, ons met 'n tekort van R1 652 747 gaan laat. Is dit verantwoordelik en gehoorsaam aan God om so 'n begroting goed te keur? Dit is die vraag waaroor die kerkraad geloofsonderskeidend sal moet dink. Gemeentelede kan met reg wonder of dit verantwoordelik is om te begroot vir so 'n relatiewe groot verlies. Die rentmeesterspan, verkies om nie daaraan te dink as 'n begroting vir 'n verlies nie, maar 'n begroting as aanduiding van ons afhanklikheid van God en gehoorsaamheid aan God.

Daarom die volgende versoek: Jy is deel van die gemeente – saam is ons die liggaam van Christus. Ons is saam kerk van die Here Jesus Christus wat verantwoordelik en gehoorsaam aan God wil wees. Ons wil niks anders wees en doen as om op pad te wees met God, met mekaar en die wêreld nie. Dink en wonder asseblief biddend saam met ons oor die begroting. Die volledige begroting is op die webblad. Kyk asseblief krities daarna en help ons as kerkraad in ons verantwoordelikheid en gehoorsaamheid aan God; natuurlik ook teenoor mekaar.

Die dagbestuur van die kerkraad vergader op Woensdag, 20 Februarie en indien jy 'n mening of gedagte het, sal ons dit graag wil hoor. Jy kan dit stuur aan antoinette@nghelder.co.za Die kerkraad het 'n vergadering op Dinsdag, 26 Februarie 2019 vir die goedkeuring van die begroting en 'n plan van aksie om dit moontlik te maak.

“Die *dice* het vir ons verkeerd geval, maar...

...ons het 'n **Uyavula** tannie (of oom) wat ons elke week gelukkig maak deur 'n lekker storie te lees en vir ons liefde en aandag te gee.”



“Saans as ek in my bed lê en aan die storie dink, slaap ek sommer lekker.”

“Ek is trots op my Uyavula-tannie wat so mooi vir ons lees.”

“Julle weet nie wat beteken Uyavula vir die skool nie; die verskil wat dit in die kinders se lewens maak en die waarde van die band tussen die onderwyser en haar voorleser (vrywilliger).”

Om vir skoolkinders eenmaal per week 'n mooi storie te lees, klink so gewoon, so eenvoudig. Watter verskil kan dit nou eintlik maak? Die antwoord: 'n Betekenisvolle verskil ten opsigte van taalverryking, woordeskat, ervaringsveld, verbetering van verbeelding en leesbegrip, volgens die onderwysers. Maar, dit is net een aspek, naamlik die belangrike akademiese voordele.

Wat die kinders bybly en koester, is die lekker, gelukkige gevoel wat hulle ervaar wanneer hulle oom of tannie 'n storie lees en wys dat hulle omgee. Die kinders smag na liefde en aandag en sommige se nood (frustrasies, pyn en opstand/aggressie) ten opsigte van hul huislike- en lewensomstandighede is so groot dat hulle sukkel om aan en in te pas by die skool se roetine en dissipline. Sedert Uyavula-vrywilligers vir van hierdie kinders individueel 'n storie lees, is hulle nog nie weer vir dissiplinêre redes na die skoolhoof gestuur nie. Die hoof skryf dit toe aan die liefde en individuele aandag wat elke kind tydens sy storietyd ontvang.

Dat hardop-voorlees noodsaaklik is vir die kinders se akademiese vordering is deur jare se navorsing bevestig. In die tye en omstandighede waaronder die meeste van die kinders opgroei, is die leeslekkerte wat kosbare vrywilligers aan honderde kinders gee en die band van liefde en omgee, 'n ligpunt. By Uyavula is ons bevoorreg om gedring deur die liefde, die krag van liefde en verhoudinge te belewe.

Ons nooi elkeen wat lief is vir lees, stories en kinders om te kom help om 'n verskil maak. Ons weet dat jy in die proses nóg meer in terme van liefde en vreugde terug sal ontvang.



Kom (mans ook), raak asseblief betrokke by:

- Voorlees van stories in skooltyd vir 'n klas;
- voorlees vir net een kind;
- voorlees by 'n Uyavula leesklub;
- donasies vir storieboeke;
- skenking van netjiese gebruikte storieprenteboeke (vir 5 tot 10 jariges);
- voorbidding vir: die Here se leiding in alles en gehoorsaamheid aan Hom. Bid vir ál die kinders en onderwysers in ons gemeenskappe, asook vir al ons kosbare vrywilligers.



Dankie aan die gemeente en elke persoon wat reeds op bogenoemde wyses waardevolle bydraes lewer.

Projekleier: Adéle Botha delimypeli@gmail.com 072 5422 563

“Baie dankie Uyavula vir wat julle vir die kinders van Macassar Primêr doen. Julle gee aan ons kinders die voorreg om pragtige boeke te beleef. Stories van hoop wat hulle laat vergeet van huislike en persoonlike omstandighede. In die tyd het ek 'n dieper liefde vir lees by *die kinders* ontdek. Dit is wonderlik om te sien hoe kinders wat nooit lank aandag kon skenk, kan hang aan my lippe as ek vir hulle 'n pragtige storie lees. Kinders wat ek nooit gedink het sou kon lees nie, het deur vir pret te lees, meester lesers geword. My kinders se oë straal as die vrywilligers by my klas instap. 'n Spesiale dankie aan die vrywilliges wat tyd in hul besige skedule maak om vir ons kinders te kom lees. Die kinders van Macassar Primêr is baie lief vir julle en Uyavula, en ons waardeer die bydrae en liefde wat julle tot elke kind van Macassar Primêr se lewe voeg. Mag die Here julle seën in oorfloed.”

Graad 3 Onderwyser

Bemagtig 'n kind

Pêrel Projek het 96 kinders in die kleuterskool. Vir die kinders word 'n opvoedkundige program aangebied en die voedingsskema bestaan uit ontbyt, middagetee en tussendeur 'n vrug of broodjie. Baie van die ouers kan nie die skoolfooi bekostig nie.

Jy kan 'n kind borg vir R250 per maand of eenmalig vir R3 000 per jaar.

Bankbesonderhede:

Bank: ABSA

Rek naam: Helderberg Uitreik

Spaarrekening nommer: 9114483080

Takkode: 632005

Verwysing: Perel Pr. ECD

Stuur asb bewys van betaling aan: antoinette@nghelder.co.za

(Artikel 18A vorm is beskikbaar)



Wil jy graag 'n brugbouer wees? Hou jy van buitelewe en avontuur?

Macassar Pottery wil graag sy uitreik-programme in Macassar uitbrei deur verhoudings te bou met 'n groter aantal jongmense. Ons is op soek na jongmense in Helderberg gemeente wat ons hiermee kan bystaan.

Vat hande met ons plaaslike organiseerders, en help ons om kospakkies en vervoer te organiseer vir 15 mans en 15 vroue in aparte groepe. Ons kies dan stapplekke wat nie te maklik, maar ook nie te moeilik is nie en gebruik die geleentheid om so in die stap vriendskappe te smee.

Op grond van hierdie verhoudinge, sal Macassar Pottery die jongmense uitnooi na ons opleidings- en werkskeppingsprogramme.

Ons wil graag so een keer elke twee maande gaan stap.

Kontak Johan op 082 747 7104 vir inligting.

www.macassarpottery.com

Hierdie groep het gespeel by die afsluiting van Helderberg Uitreik

HELDER-MAMMAS

*Alle mamas welkom
Ons kom op Woensdae
bymekaar vir 'n goeie
kuier en speelyd.*

**0-18 Maade 09:00-
10:30*

**18 maande + 14:30-
16:00*

**KONTAK GERUS
VIR ANNETTE 0825457718
MEAGIN 0713540509**

Vakatures

Sentrumbestuurder

Helderberg Ontwikkelingsentrum

As jy belangstel in die pos en meer wil weet van die vereistes en waaroor die pos gaan, besoek ons webblad by

www.nghelder.co.za of Helderberg Ontwik-

kelingsentrum se Facebookblad by https://www.facebook.com/Helderberg-Development-Centre-246078995424620/?epa=SEARCH_BOX

Sperdatum vir aansoeke is **28 Februarie 2019**



Kinderwerker pos: 10 Uur per week

Bedieningsgeleentheid met maandelikse honorarium

Die Kinderevangelisasieprojek benodig 'n persoon wat met die projek werksaamhede kan help en aan die volgende vereistes voldoen:

Die persoon moet:

- 'n Roeping hê om die Evangelie aan kinders te bring en hulle te kan begelei op 'n dissipelskap-pad.
- In staat wees om Bybelklubs in skole/kleuterskole/die gemeenskap selfstandig te hanteer. Opleiding en ondersteuning sal gegee word. Klubs is meestal soggens en sommige in die middag.
- Besik oor goeie administratiewe en rekenaarvaardighede.
- Verantwoordelik wees vir eie vervoer .
- Die persoon moet, in samewerking met die span, behulpsaam wees by:
- Organisering en aanbied van 1 of 2 kampe per jaar, asook werkswinkels en ander span-geleenthede.

Belangstellendes kan 'n kort CV stuur aan minette.krog@gmail.com

Sperdatum vir aansoeke is **1 Maart 2019**.



**Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede**

Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 (tjek)
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing Naam of bediening
Navrae Antoinette du Toit
021- 851 5582

Helderberg NG Gemeente

021-851 5582
www.nghelder.co.za
Leraarnoodnommer
083 988 2003
ontvangs@nghelder.co.za
Beradingsentrum:
Telefoon: 079 417 3863
berading@nghelder.co.za


**Helderberg Uitreik
Bankbesonderhede vir Art 18A**

ABSA Helderberg-tak: 632005
Rek nr. 9114483080
Spaarrekening
Verwysing: Projeknaam of WBB

Kerkkantoorure

Weeksdae: 08:00 - 16:00
Vrydae: 08:00 - 13:00
Sondae: 08:30 - 11:30
Skoolvakansie: 8:00 - 13:00

 SnapScan

 SnapScan



PXMP14718



PXMP14718

Helderberg Gemeente

Helderberg Uitreik
Artikel 18A

Gesinne in nood in ons gemeente word finansiell en maatskaplik deur die Versorgingsfonds ondersteun. Dankie vir getroue bydraes. Lees meer op www.nghelder.co.za onder Bedieninge, Onderlinge Sorg, Versorgingsfonds

Versorgingsfonds



**Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede**

Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 - tjek
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing *Versorgingsfonds*